Word 'n biddende gemeente

Dit was baie na aan Jesus se hart en Sy opdrag dat die Kerk 'n huis van gebed moet wees (**Matt.21:13**). Hy haal **Jesaja 56:7** aan en bevestig daarmee dat God se plan met sy "Kerk" (Ou Testament) ook Sy plan met die Kerk in die Nuwe Testament is. Dit bly steeds een van die grootste uitdagings vir gemeentes om huise van gebed te wees. Die volgende is 'n aantal riglyne wat gemeentes kan gebruik om meer momentum aan gebed in die gemeente te gee:

- 'n Biddende gemeente begin by individue wat bid. Die belangrikste fokus van geestelike leiers in die gemeente bly steeds om individue te help om met groter vrymoedigheid en meer geloof te bid. Individue het leiding nodig oor hoe om in 'n dieper en meer intieme en persoonlike verhouding met God te kom.
- Deurlopende eenvoudige en praktiese lering oor gebed is nodig. Baie preke en boeke oor gebed het wonderlike geestelike inhoud, maar ontbreek dikwels aan praktiese riglyne oor hoe om jou daaglikse stiltetyd in te rig. Leer die Gelowiges hoe om 'n gebedsjoernaal te gebruik. Gee vir hulle 'n eenvoudige indeling van waarvoor om te bid, hoe om na God te luister en veral hoe om die Woord te bid.
- Die vestiging van gebedsgroepe in die gemeente is uiters belangrik. Versterk die bestaande gebedsgroepe en moedig die vestiging van nuwe gebedsgroepe aan. Moedig sakemanne aan om een of meer gebedsgroepe te begin, en help ook jongmense, kinders, vrouens, en spesifieke belangegroepe om met hulle eie groepe te begin. Die verskillende bedieninge van die gemeente moet aangemoedig word om 'n gebedsaksie of gebedsgroep vir hulle bediening te vestig, met die verstandhouding dat hulleself in daardie groepe bid en nie verwag dat ander die "gebedswerk" moet doen en hulle net die ander werk nie.
- Die begrip "intersessor" kan groot probleme in 'n gemeente skep. In baie gemeentes ontstaan daar 'n ongesonde situasie waar 'n paar mense in die gemeente as die "bidders" of "intersessors" begin bekend staan. Intersessie is 'n tipe gebed; dit is nie 'n tipe persoon nie. Wanneer ons die gebedsbediening van 'n gemeente tot 'n paar spesifieke lidmate begin beperk, skakel ons 98% van die bidders van die gemeente uit. Die 98% sal mettertyd voel hulle gebede is nie goed genoeg nie, hulle is nie die "spesialiste" nie, God sal hulle nie so maklik hoor nie en dan begin 'n groep mense sê: "Ons sal die werk doen en julle (die intersessors) kan daarvoor bid." Dit is onskriftuurlik en die vinnigste manier om 'n totale gemeente te immobiliseer. So word die sogenaamde "nie-intersessors" uitgesluit van die voorreg en verantwoordelikheid om betrokke te wees by die gebedsbediening van die gemeente, asook om te bid vir hulle gesinne, die gemeenskap, die dorp/stad en die wêreld. Die Woord sê: elke lid van die liggaam moet bid en intree– elke kind, jongmens en volwassene, ongeag van beroep of posisie.
- Wanneer jy die vlak van gebed in die gemeente wil lig, moet jy as geestelike leier betrokke wees. Leiers kan nie die gemeente aanmoedig om te bid, maar self nie betrokke wees nie. Die apostels sê baie duidelik in **Handelinge 6:4** dat hulle (as die geestelike leiers) hulleself toelê op gebed en die bediening van die Woord. Jy kan nie van ander verwag om te bid en die gemeentes se gebedsverantwoordelikheid te dra, as jy as leier nie self daarby betrokke is nie.
- Leraars kan mense aanmoedig om te bid deur o.a. van die volgende dinge te doen:
    - Preek gereeld oor gebed of maak gebed 'n belangrike deel van die boodskap.
    - Vertel verhale van gebedsverhoring op 'n gereelde basis, vanaf die preekstoel of by ander gemeentebyeenkomste.
    - Bied seminare oor gebed aan of nooi iemand uit om 'n gebedseminaar aan te bied – 'n Vrydagaand en Saterdagoggend kan byvoorbeeld goed werk,
    - Moedig lidmate aan om boeke oor gebed te lees – gee bv. die titels van een of twee boeke op 'n keer.
    - Kies van tyd tot tyd 'n boek oor gebed wat lidmate in Bybelstudiegroepe of selgroepe kan deurwerk.